# Forum vir bekommerde lede van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie

Ontevrede Onnie

FORUM VIR BEKOMMERDE SAOU-LEDE

01 Junie 2018

Dr. L Swanepoel
President
Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie ("SAOU")

**PER E-POS**: saou@saou.co.za

Geagte dr. Swanepoel

**SKRYWE VAN ERNSTIGE KOMMER AANGAANDE DIE STAND VAN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE ("SAOU") // FORUM VIR BEKOMMERDE LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE ("FBSAOU")**

## 1. Inleiding

1.1 Hierdie skrywe aan u volg te midde van 'n heersende onsekerheid aangaande die bestuursake van die SAOU.

1.2 Ten spyte van opeenvolgende nuusbriewe om die onsekerheid aan te spreek, en selfs die loods van 'n ondersoek, is dit ons mening dat die onsekerheid verdiep het tot wantroue in die SAOU-bestuur.

1.3 Die vorming van die Forum vir Bekommerde lede van die SAOU ("FBSAOU") is genoodsaak en is opgerig in die lig van bekommernisse uit verskeie oorde van die SAOU-ledekorps.

1.4 Die FBSAOU geniet wydlopende steun van talle opbetaalde SAOU-lede van regoor die land. Bykomend daartoe, het die bekende Klub 42 ook volledig by die FBSAOU ingeskakel vir doeleindes van die skrywe en die prosesse wat mag volg.

1.5 U het 'n vorige skrywe aan die Voorsitter van Klub 42 (en lede daarvan) wat krities staan teen, byvoorbeeld, die vergoedingspakket, die besigheidstruktuur van die SAOU-groep en die twispunt dat die SAOU nie ten volle tot voordeel van sy lede optree nie, bloot afgemaak as persone wat as segsmanne van mnr. Michael Pashut optree, sonder om op die spesifieke bekommernisse te reageer

1.6 Die bewerings, soos deur mnr. Pashut aangevoer word, is volgens ons mening objektief naspeurbaar en kan nie bloot deur 'n *ad-hominem* aanval op kritici kant toe geskuif word nie. Daar sal in die passasies wat volg kortliks verwys word na die ondersoek wat geloods is en ons mening daaroor.

1.7 Dit is gepas om kortliks en ondubbelsinnig uit te brei aangaande die aard en oogmerke van die FBSAOU:

1.7.1 Die FBSAOU is deur opbetaalde lede van die SAOU gestig as 'n praktiese oplossing tot 'n logistieke uitdaging, naamlik: die samevoeging van bekommernisse uit verskeie oorde, en die kollektiewe eis van daadwerklike optrede. Dit is 'n voertuig wat kommunikasie vergemaklik en terselfdertyd demonstratief is tot die wydlopende steun wat die FBSAOU geniet.

1.7.2 Neem kennis, die FBSAOU stel nie 'n aparte entiteit as regspersoon voor nie. Nog minder moet die FBSAOU beskou word as 'n formele struktuur wat geen erkenning in die SAOU-grondwet geniet nie (en dus teen die SAOU-grondwet indruis).

1.7.3 Dit word benadruk dat die FBSAOU 'n voertuig is om 'n gemeenskaplike gevoel onder SAOU-lede te verwoord en aan die SAOU-bestuur oor te dra, en daadwerklike optrede te eis.

1.7.4 Daar bestaan ook geen formele lidmaatskap of assosiasie nie en die FBSAOU word ook nie befonds nie.

1.8 Inaggenome al bogenoemde, stel ons die volgende twispunte aan u:

1.8.1 Die SAOU-groep se sakestruktuur strek grootliks tot voordeel van die SAOU-bestuur self.

1.8.2 Dit is ongesond en onwenslik dat die direkteure/bestuur van die entiteite binne die SAOU-groep gedurig en vir verlengde tye dieselfde persone is.

1.8.3 Dit is ongesond en onwenslik dat daar verskeie vorms van vergoeding deur dieselfde persone wat op die verskillende direksies/besture dien, ontvang word.

1.8.4 Die beweerde vergoeding van top bestuur se somtotaal, is in meeste gevalle meer as 10x wat lede van die SAOU verdien. Daar word tereg vraagtekens gestel aangaande die wanverhouding van vergoeding tussen die top bestuur en sy lede.

1.8.5 Dit is in besonder onwenslik dat die vergoedingspakket, van spesifiek mnr. Chris Klopper, blyk te wees dat hy voltydse vergoeding ontvang vir meer as een voltydse werk. Hy ontvang 'n voltydse salaris by die SAOU, en dus volg dit logies dat alle werkbare ure aan die SAOU gewy behoort te word. Die ander strome van inkomste, soos sy vergoeding van SAEF en as voorsitter van 'n mediese trust, moet op so 'n wyse aangepas word dat die ure werksaam aan suiwer SAOU-sake, akkuraat gereflekteer word, en dat bykomende vergoedings aangepas moet word.

1.8.6 Lede van die SAOU word onvoldoende bygestaan, geadviseer en verteenwoordig in dispute en ander sake met veral die Departement.

1.8.7 Die geheimsinnige aard van die administrasie van TO Onderling/TO Strand en die vervreemding van die eiendom aan SAEF.

1.9 Daar is 'n poging aangewend om meeste van die bogemelde twispunte te neutraliseer deur die stuur van ellelange nuusbriewe en vir 'n groot gedeelte van die lede van die SAOU is die wantroue wat ontstaan het, daardeur net onderstreep.

1.10 Ons sal die gelyste twispunte meer inhoud gee deur die volgende struktuur:

1.10.1 'n Uiteensetting van die bewerings deur mnr. Pashut.

1.10.2 Kommerpunte aangaande die ondersoek wat onlangs geloods is.

1.10.3 Gevolgtrekking

**2. Objektief bespeurbare bewerings wat aangevoer word**

2.1 Wat hier volg, is 'n uiteensetting oor maklik vasstelbare feite, wat onafhanklik staan teenoor die rolspelers wat SAOU-lede deur die loop van die afgelope maande ontvang het.

2.2 Eerstens, dit is van belang om melding te maak van die oënskynlike oorsprong van die dispuut tussen Minibuses Wanted en die SAOU (oftewel, mnr. Klopper). Soos u weet, is die e-poskorrespondensie onder lede van die SAOU beskikbaar gemaak.

2.3 Dit is bloot te verwagte dat enige dispuut 'n oorsprong veronderstel. Uit die dokumente ontvang, kan dit sonder moeite vasgestel word dat die dispuut oor Minibuses Wanted se toegang tot die onderwys handel, en FINSA wat meer dikwels as voorkeurfinansierders wil optree.

2.4 Tesame met die oorsprong van die dispuut, is ernstige vrae gestel aangaande die punte genoem in par. 1.8 hierbo. Dit sluit in vraagstukke (in geen spesifieke volgorde), soos volg:

**SAEF Finansiële state (2016/2017)**

2.4.1 SAEF se finansiële state (2016/2017) lys etlike onversekerde lenings van etlike miljoene rande, spesifiek aan FINSA en TO Strand.

2.4.2 Lede van die SAOU is herhaaldelik die versekering gegee dat die SAEF tot voordeel van die SAOU alleenlik tot stand gekom het, maar luidens die finansiële state is die werklike begunstigdes nie die SAOU nie, maar eerder FINSA en TO Strand.

2.4.3 Die vrae aangaande die voordeel vir SAOU in sy verhouding met die SAEF, bly onbeantwoord – die verwysing na 'n moontlike 'indirekte' voordeel is onbevredigend.

**Onbevredigende ledediens**

2.4.4 ’n Kernsaak vir lede is die gebrekkige verteenwoordiging en ondersteuning in dispute met die Departement, of dit bloot regsadvies is wat gevra word, of wanneer volle verteenwoordiging nodig is. ’n Wesenlike deel van SAOU-lede meen die SAOU het hulle herhaaldelik in hierdie kernfunksie gefaal. Verteenwoordiging, selfs in ingewikkelde sake, word dikwels behartig deur onervare persone en advies word al te dikwels ten gunste van die provinsiale departemente gelewer. Hierdie benadering los geensins probleme op nie, maar skep ’n indruk dat daar bloot ingestem moet word met wat ook al provinsiale departemente besluit.

2.4.5 Met die SAOU se inkomste van ongeveer R50 miljoen per jaar uit SAOU ledegelde, en die bedryfsuitgawes van ongeveer R15 miljoen per jaar, sou verwag word dat die surplus in ledediens teruggeploeg sou word.

**Vergoedingspakket van mnr. Klopper**

2.4.6 In Rapport (18 Maart 2018) is beweer dat mnr. Klopper ’n “astronomiese” salaris verdien, en verder daartoe, oor meer as een inkomstestroom beskik.

2.4.7 Mnr. Klopper se regsverteenwoordiger het die meerdere strome van inkomste erken, maar die bedrag in Rapport is nie ontken nie.

2.4.8 Alhoewel salarisvergoeding ’n uiters sensitiewe besprekingspunt is, veral indien dit in die openbaar geskied, meen ons dit is in hierdie geval geregverdig om duidelikheid te bekom.

2.4.9 Die redes hiervoor, soos in par 1.8 vlugtig verwys, is:

2.4.9.1 As HUB van die SAOU is dit die verwagting dat mnr. Klopper al sy werkbare ure aan SAOU-vakbond sake alleen wy.

2.4.9.2 SAEF is ’n aparte entiteit en is die begrip ook dat hierdie vergoeding ’n voltydse pos veronderstel. Die situasie is onaanvaarbaar.

2.4.9.3 Die eerste prioriteit is die SAOU, en indien daar ander entiteite binne die SAOU-groep val, moet dit óf gedoen word sonder vergoeding, óf die ure

spandeer aan SAEF, MediHelp Trust, en FINSA moet van die diensooreenkoms met die SAOU afgetrek word. Die vergoeding moet dan dienooreenkomstig bereken word.

2.4.9.4 Na bewering verdien mnr. Klopper sowat R1,8 miljoen by SAOU en soortgelyk by die SAEF.

2.4.10 Sonder om verder hieroor uit te brei, word hierdie as 'n punt van kommer uitgelig.

## 3. Ondersoek en mandaat

3.1 U sal merk dat ek op 25 Mei 2018 'n klagte ingedien het, soos per die uitnodiging van 11 Mei 2018. Daarin is heelwat besware opgeteken aangaande die proses self, wat opgeneem is met mnr. Burger en ander persone wat hul met die FBSAOU vereenselwig.

3.2 Vir gerieflikheidshalwe haal ek hiermee 'n paragraaf van die gemelde klag aan, wat die FBSAOU ook ten volle deel:

> *4. Met respek aan regter Hartzenberg, voer ek eerbiedig aan dat die uitnodiging en proses problematies is om verskeie redes. Dit is dus van belang om bondig die problematiese aspekte te boekstaaf waarmee ek versoek dat die aspekte in die ondersoek ingereken word:*
>
> *4.1 Benewens die onsekerheid oor die wyse waarop die SAOU-groepstruktuur se samestelling voordelig vir die SAOU mag wees, is dit tog so dat die onderwerp van die kommer amptenare van die SAOU insluit, by name uself en mnr. Chris Klopper, die hoof uitvoerende beampte van die SAOU.*
>
> *4.2 Dit word met respek aangevoer dat dit onwenslik is dat die inisiatief van 'n ondersoek, die formulering van die mandaat aan regter Hartzenberg, kommunikasie aan SAOU-lede en direkte skakeling met die media aangaande die ondersoek deur uself en/of Mnr. Klopper behartig word. Dit is gemeensaak dat uself en mnr. Klopper direkteure is (of aan die Hoof staan van), die SAOU, SAEF, TO Strand en ook FINSA. Dit onderstreep die noodsaak dat die inisiatief van 'n ondersoek, en alles daaraan verwant, gelei behoort te word deur ander persone as uself en/of mnr. Klopper.*

4.3 *Dit sou meer betekenisvol wees indien 'n a<u>d hoc-komitee saamgestel word om die ondersoek en verdere prosesse te bestuur en dat uself en mnr. Klopper u van die proses onttrek om tot die integriteit en objektiwiteit van die ondersoekproses by te dra</u>.*

4.4 *In die nuusbrief van 11 Mei 2018, waar die uitnodiging om klagtes te lê, gekommunikeer is, word die SAOU-bestuur se posisie selfs in die uitnodiging vervat. In die openingsparagraaf word verwys na briewe wat "kwaadwillige en valse" bewerings bevat en in later paragrawe, dat die "hardnekkige gerugte van onreëlmatighede" die "nek" ingeslaan behoort te word.*

4.5 *Die SAOU-bestuur is ook onderworpe aan die uitslag van die ondersoek, dus moet die proses so bestuur word dat die bestuur<u> nie 'n aktiewe deelnemer in die verloop van die proses word nie.</u> Ek voer verder aan dat die bestuur nie 'n objektiewe rolspeler hierin kan wees nie, aangesien die bestuur deel vorm van die onderwerp van die ondersoek.*

4.6 *Nóg 'n verdere punt van kommer, is dat SAOU-lede bloot uitgenooi is om klagtes in te dien <u>sonder dat die mandaat aan regter Hartzenberg in die nuusbrief vervat is</u>. Die SAOU-bestuur het verkies om nie die mandaat aan regter Hartzenberg aan lede te kommunikeer nie – terwyl dit alleenlik SAOU-lede is wat klagtes kan lê – maar om die mandaat aan die media bekend te stel (Rapport; 20 Mei 2018).*

4.7 *Die formulering van die mandaat is wesenlik tot die aard en vorm van klagtes wat gelê word. Die uitnodiging om klagtes te lê is breed gestel, terwyl die mandaat meer klem op spesifieke aspekte lê. <u>Die effek hiervan is tweevoud: Eerstens, alleenlik die lede van die SAOU wat die Rapport gelees het, is bewus van die mandaat en fokus van die ondersoek en tweedens, die tydperk om klagtes in te dien is daardeur verkort tot slegs vyf (5) dae, wat onvoldoende is.</u>*

4.8 *<u>Die verwagting is ook van lede om klagtes te lê wat spesifiek op "onreëlmatighede" fokus, dit, terwyl lede nie bedien is met alle relevante inligting ten opsigte van die bewerings nie.</u>*

4.9 *Myns insiens, en ek vermoed ook van 'n wesenlike gedeelte van SAOU-lede, kan op sterkte van die bewerings wat gemaak is logiese afleidings maak, en wil hiermee ons kommer uitspreek aangaande die aspekte in die inleidende paragrawe van die skrywe genoem.*

*4.10 Die verwagting van SAOU-lede is duidelik, naamlik dat klagtes gelê moet word asof lede die volle voordeel van alle inligting tot hul beskikking het en dat ons klagtes moet saamstel soos ’n forensiese ouditeur of ondersoeker.*

*4.11 Hierdie is ’n onbillike verwagting en is dit ook my versoek dat die bogenoemde en ook onvoldoende inligting tot lede in berekening gebring word in die ondersoek. Die nuusbriewe waar die SAOU bewerings sterk verdedig is onvoldoende. Ek maak nogmaals melding van die kommer dat die bestuur, wat in ’n groot mate die onderwerp van die ondersoek is, aktief aan die ondersoekproses deelneem.* **(Eie beklemtoning)**

## 4. Gevolgtrekking

4.1 In die inleidende paragrawe is gemeld dat desondanks die pogings om ’n ondersoek te loods en ook die reeks nuusbriewe te versprei, is die onsekerheid wat na aanleiding van bewerings teen die SAOU-bestuur, in wantroue omskep.

4.2 ’n Vertrouensbreuk kan allermins herstel word deur volumes verduidelikings, maar eerder om die mandaat van leiers weer te toets.

4.3 Dit is dus die ernstige versoek van die FBSAOU dat die onsekerheid, onduidelikheid en die staat van wantroue in die SAOU-bestuur aangespreek kan word deur die hou van ’n spesiale Nasionale Kongres in terme van die Grondwet.

4.4 Ons versoek uitdruklik dat:

4.4.1 hierdie skrywe aan lede van die Nasionale Uitvoerende Raad (“NUR”) voorgelê word; en

4.4.2 die NUR in terme van par 9.3.2 van die grondwet van die SAOU, ’n spesiale Nasionale Kongres byeenroep om die leierskap se mandaat te bevestig, of om ’n nuwe bestuur te verkies.


4.5 Hierdie is in die beste belang van die SAOU aangesien dit net gepas is dat lede die beslissende stem het in die leiers wat lede verteenwoordig.

4.6 Ons versoek vriendelik u reaksie hierop binne sewe (7) dae, waarna verdere opsies oorweeg sal word.



Mnr. M de Vries
Sameroeper van Bekommerde lede van die SAOU

**Ondersteun deur:**



Mnr. G. Burger
Voorsitter
Klub 42